Wilson Center Digital Archive
International History Declassified
digitalarchive.wilsoncenter.org

# August 1974

# Direktoraat Militêre Inligting, 'Die Terrorisbedreiging teen die RSA en SWA: Huidige Stand en Verwagte Uitbreiding' (Excerpts)

## Citation:

"Direktoraat Militêre Inligting, 'Die Terrorisbedreiging teen die RSA en SWA: Huidige Stand en Verwagte Uitbreiding' (Excerpts)", August 1974, Wilson Center Digital Archive, MI/STRAT/1/4, Box 403, Group 3 (Volume 1) – AMI/HSI, South African National Defence Force Archives. Obtained by Jamie Miller.
https://digitalarchive.umd.edu/document/134625

## Original Language:

Afrikaans

## Contents:

Original Scan

Wilson Center Digital Archive
Original Scan

170 (a)



Kopieno:

VIGILANS ET SCIENS

HSI AMI
GROEP 3
HOUER 403

# DIREKTORAAT MILITÊRE INLIGTING

M. SCHEEPERS
91002667PE WO

DECLASSIFIED

DIE TERRORISBEDREIGING TEEN DIE RSA EN
SWA : HUIDIGE STAND EN VERWAGTE UITBREIDING

PRETORIA
AUGUSTUS 1974

MI/STRAT/1/4
MI/STRAT/1/7

Wilson Center Digital Archive
Original Scan



MI/STRAT/1/4
MI/STRAT/1/7

Kopienr ....van 25

DIE TERRORISBEDREIGING TEEN DIE RSA EN SWA:
HUIDIGE STAND EN VERWAGTE UITBREIDING

| | | | |
|---|---|---|---|
| Aanhangsel | A | : | Bekende Beplanning : RSA-Terrorisorganisasies. |
| | B | : | Getalle : RSA-Terrorisorganisasies. |
| | C | : | Toegangsweë na die RSA : RSA-Terrorisorganisasies. |
| | D | : | Terroriswapens. |

INLEIDING

1. Die terrorisbedreiging teen die RSA en SWA het die afgelope jare stelselmatig toegeneem en is groot momentum verleen deur die Portugese bewindsverandering en die gebeure wat daarop gevolg het. Dit raak al hoe duideliker dat hierdie bedreiging afmetings aanneem wat die RSA en SWA ook op militêre gebied, toenemend aktief en direk sal betrek.

2. Die agtergrond waarteen die bedreiging ontwikkel en wat aan die leser bekend is, bly dieselfde as voorheen. Hierdie dokument gee egter veral aandag aan die omvang en tempo van terroris=bedrywighede soos dit die RSA en SWA direk raak, en die moontlike uitbreiding daarvan.

DOEL

3. Die doel van hierdie geskrif is om die huidige stand en verwagte toename van die terrorisbedreiging teen die RSA en SWA, te skets.

/DIE BEDREIGING ...



DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED
2011-04-26
J.A.I. STEIN...

Wilson Center Digital Archive
Original Scan

DECLASSIFIED
2011 -04- 26
J.A.L STEINMANN
72563596PE WO1

DIE BEDREIGING : ASPEKTE VAN BELANG

ANGOLA EN MOSAMBIEK

4. Portugal se politieke ontwikkeling ná die bewinds=verandering, dui daarop dat hy steeds toenemend deel gaan word van die sosialistiese sisteem van die Europese gemeenskap. Die onafhanklikheidswording van Portugese Afrikagebiede is deel van hierdie proses. Die vinnige tempo van hierdie gebeure bring mee dat beide Angola en Mosambiek teen 1975 oorwegend swart regerings kan hê, waarin die voormalige terrorisorganisasies groot seggenskap sal kry. Wat Mosambiek betref sal FRELIMO 'n oorheersende invloed wees wat reeds in 1974 met sy deelname in die regering kan begin. Hierdie regerings sal, ten spyte daarvan dat hulle tot 'n mate tot rasionele optredes gedwing sal word om politieke konsolidasie en ekonomiese groei te bewerkstellig, 'n faktor word wat die terrorisaanslag teen die RSA verskerp. Dit kan dus verwag word dat beide SWAPO en die SA ANC veel groter bewegingsvryheid deur Angola en Mosambiek sal geniet terwyl hulle meer direkte en indirekte morele en materiële steun sal ontvang. Die tydskaal en verwagte omvang waarteen hierdie verwikkelinge kan geskied, word in die volgende paragrawe bespreek.

TYDSKAAL

5. Agtergrond. Die onafhanklikheidswording van Angola en Mosambiek dien as 'n groot aansporing vir ons vyande om die "Bevrydingstryd" voortaan met groter ywer en doelgerigtheid teen die RSA en SWA te voer. Die tydskaal waarteen gebeure waarskynlik sal ontwikkel, word veral deur die USSR en SJINA bepaal; die twee moondhede wat die grootste aandeel het om spanning in Suidelike Afrika te skep en te manipuleer. Hul standpunte tov die tydskaal stem grootliks ooreen. Die stryd

/word gesien ...

Wilson Center Digital Archive
Original Scan

72563596PE WO1

word gesien as nie-militêr sowel as militêr van aard, waar laasgenoemde die nie-militêre stryd rugsteun. Dit word verder gesien as 'n stryd wat op twee verskillende strydvelde, SWA en die RSA, gevoer sal word met Botswana as geografiese skeiding. Verskillende metodes van optredes, tov elke stryd=veld, moet toegepas word. Die tydskaal vir elk word soos in paragrawe 6 en 7 deur hierdie moondhede gesien.

6. RSA. Die USSR se waardering van die situasie in Suid-Afrika na aanleiding van die onlangse gebeure in Portugal ag dit, volgens 'n bron wat hom voorheen as baie betroubaar bewys het, noodsaaklik dat daar 'n periode van deeglike voorbereiding moet wees alvorens daar militêr teen die RSA opgetree word ten einde te verseker dat die stryd suksesvol verloop. Die USSR stel hierdie voorbereidingstydperk op twee jaar en het dit beklemtoon dat die SA ANC sowel as die OAE se Bevrydingskomitee hul streng by hierdie tweejaar-tydperk moet hou omdat swak=voorbereide pogings tot 'n gewapende stryd nie alleen ramp=spoedig kan wees nie, maar dat dit die program vir politieke voorbereiding onherstelbare skade kan berokken. Hierdie tydsbepaling word gestaaf deur John Rees se rapporte (waarvan die propaganda-waarde vir die terroriste nie oor die hoof gesien moet word nie) dat terrorisoptrede oor agtien maande verwag kan word. Rees was die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) se verteenwoordiger by die "All African Conference of Churches"(AACC) se konferensie wat gedurende Mei 74 in Lusaka gehou is. Volgens hom het hy tydens die konferensie met leiers van die RSA-terrorisbewegings samesprekings gevoer. Beskikbare inligting dui daarop dat die Bevrydingskomitee al by verskeie geleenthede die SA ANC gemaan het om sy aanspraak op voortgesette steun met daadwerklike optrede te regverdig. Verdere inligting toon dat 'n besluit onlangs deur die SA ANC geneem is om terroriste nou na die RSA te infiltreer. Spo=radiese voorvalle van sabotasie en terrorisme, veral in afgeleë gebiede langs die grense van Transvaal en Natal, kan dus reeds in die nabye toekoms verwag word agv druk op die SA ANC.

/7. SWA. ...

Original Scan Wilson Center Digital



7. SWA. Die tydskaal vir SWA maak nie voorsiening van 'n besondere tydperk van voorbereiding nie. Die tyd vir aksie is die huidige. Die USSR se mening is dat "there can be no longer 'legitimate objections' to a struggle on the 'well-tried lines' that have proved effective in the Portuguese territories ..." Sjina is ook van mening dat die tyd ryp is vir gewapende optrede teen SWA. SWAPO-leiers in die buiteland het ook reeds herhaardelik gesê dat Jun 74 SWAPO se grootskaalse hertoetrede tot die SWA-stryd sou inlui. Die Ovambo-uittog en onlangse terrorisaktiwiteite in Suidwes-Zambië en Suidoos-Angola, waarvoor die Portugese bewindsverandering en gebeure in Angola as katalisator gedien het, toon dat 'n groot mate van gereedheid om op te tree, reeds bestaan.

BEDREIGING TEEN DIE RSA

8. Vyandelike Doelstellings en Doelwitte. Ondervinding het geleer dat terroriste, tensy ingrypende situasieveranderings voorkom, hou by hul aanvanklike planne. Dit skyn ook die geval te wees waar veiligheidsmagte 'n spesifieke operasie gefnuik het - die planne word tot 'n latere geleentheid uitgestel. Dit is dus raadsaam om weer kennis te neem van veral die planne van die "African Resistance Movement (ARM)", die SA ANC vir Operation MAYIBUYE en die PAC. Aanhangsel A gee 'n uiteensetting hiervan. Kenmerkend van hierdie beplanning is dat daar voorsiening gemaak word vir 'n tydperk van voorbereiding, waartydens die klimaat vir verdere optrede geskep word. Hiertydens word verdere werwing gedoen, vind geïsoleerde terreurdade

Original Scan
Wilson Center Digital Archive

heers, sal Swaziland nie vrye deurgang aan terroriste na die RSA bied nie, maar wanneer hy of 'n afstammeling van die Dlamini-koningshuis as heerser in Swaziland vervang word, kan die situasie tot ons nadeel verander.

11. Die Nie-militêre Stryd. Hierdie stryd word deur die USSR omskryf as onderhandelinge met die Suid-Afrikaanse owerheid deur politiek-bevoegde persone soos die Tuislandleiers, gerugsteun deur stakings, boikotte en betogings. Die swart politieke bewegings (wat uiting vind in die Swartbewustheidsbegrip) en die huidige stakings en betogings, is aanduidings vir die USSR dat daar vir die eerste keer in Afrika 'n gedissiplineerde werkersklasbeweging ontstaan het met 'n politieke potensiaal wat uniek is in Afrika. Hierdie toestand moet, volgens die Sowjetsiening, behoue bly en uitgebuit word. Hulle voel dat 'n onbeheerde gewapende stryd hierdie toestand in diè stadium sal vernietig. Hul is verder van mening dat die Tuislandleiers in 'n posisie geplaas moet word om op bedekte wyse namens die SA ANC met die Suid-Afrikaanse owerheid te onderhandel. Die RSA sal na verwagting toegeefliker teenoor hulle optree.

/'n Versoening ....

Wilson Center Digital Archive

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED
2011-04-26
J.A.L. STEINMANN
72563596PE WO1



'n Versoening tussen die SA ANC en die Tuislandleiers en -bevolking is dus as eerste stap nodig. Die USSR voel ook dat 'n nie-militêre poging waarskynlik nie NAVO-inmenging sal uitlok nie; nie USSR/VSA-détente sal skaad nie; sal verhoed dat geleenthede vir Sjina geskep word; dat verhoudings met die SA ANC gehandhaaf sal word en dat die belangrikheid van die Tuislande en die Tuislandleiers terselfdertyd erken word.

DIE BEDREIGING TEEN SWA

12. SWAPO is by uitstek die organisasie wat rewolusionêre optrede teen die huidige opset in SWA organiseer. SWAPO bestaan uit 'n politieke vleuel wat, alhoewel dit onteenseglik kommunisties georiënteer is, nog nie as 'n verbode organisasie verklaar is nie, en 'n militêre vleuel, "The Peoples Liberation Army of Namibia (PLAN)" wat uit ongeveer 400 opgeleide terroriste bestaan. Die wapens waaroor PLAN moontlik beskik word in Aanhangsel D gegee.

13. <u>"PLAN"-beplanning en -doelwitte</u>. Gedurende Jun 74 het dit bekend geword dat SWAPO ses afsonderlike gevegsfronte, nl Ovambo, Kavango, Kaokoveld, Caprivi, Sentraal-SWA (met

Original Scan
Wilson Center Digital Archive

die [illegible] voor te berei vir
'n onafhanklikheidstryd teen die Blankes.

GEVOLGTREKKINGS

17. RSA. Dit blyk dat terroriste met die RSA as teikengebied onder druk en leiding van die USSR, 'n gesamentlike poging deur die SA ANC, die PAC en die BCP en, wat deur die OAE gekoördineer is, teen die RSA van stapel wil stuur. Die klem hiervan moet klaarblyklik vir die eerskomende twee jaar op die nie-militêre front val. Na hierdie tydperk van twee jaar moet die organisasies wat gesamentlik oor ongeveer 600 opgeleide terroriste beskik, oorgaan tot militêre optrede, wat in die lig van die veranderde situasie in Mosambiek, waarskynlik vanuit hierdie oord geloods sal word. 'n FRELIMO-beheerde Mosambiek sal nie alleen aan die terroriste deurgangs- en basisfasiliteite bied nie, maar hul saam met die USSR en Sjina ook van wapens voorsien, sodat ons potensiële vyande moontlik oor al die wapens sal beskik wat in Aanhangsel D genoem word. Onder druk van die OAE kan geïsoleerde voorvalle van terreur en sabotasie in die kort termyn, veral in die Transvaalse Laeveld en die

/Nasionale

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED
2011-04-26
J.A.L STEINMANN
72563596PE WO1

Wilson Center Digital Archive


Nasionale Krugerwildtuin en omgewing, verwag word. In die medium en lang termyn word grootskaalse terrorisoptrede vanuit basisse in Mosambiek en Tongaland op veral nabygeleë Blanke plase verwag.

18. SWA. Gewapende terrorisoptrede teen die Noordelike dele van SWA deur 'n SWAPO-mag van ongeveer 400 opgeleide terroriste wat moontlik oor die wapens wat in Aanhangsel D genoem word, beskik, is reeds aan die gang. Hierdie optrede sal in hewigheid toeneem namate basisse in Suidoos- en Suid-Angola gestig word. Dit word verwag dat Angola 'n al hoe belangriker rol in SWAPO-beplanning kan speel, en dat SWAPO-magte gerig op die Kaokoveld, Ovambo, die Kavango en Sentraal-SWA direk vanuit Angolese grondgebied sal optree. Sodoende sal slegs die magte wat aan die Oos-Caprivi toegewys is vanuit Suidwes-Zambië opereer. Verder word verwag dat Botswana in die toekoms steeds 'n belangriker toegangsweg vir terrorisrekrute en ongewapende opgeleide terorriste van en na SWA, veral Sentraal- en Suid-SWA, sal word.

SLOT

19. Die veranderde situasie in Mosambiek bied aan ons vyande die vermoë om daadwerklik teen die RSA op te tree. As gevolg hiervan bestaan daar nie meer slegs teen SWA 'n realistiese terrorisbedreiging nie, maar word die RSA, en veral die Transvaalse Laeveld en Noord-Zululand, eweneens bedreig.

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED
2011-04-26
J.A.L STEINMANN
72563596PE WO1

PRETORIA
AUGUSTUS 1974

/DISTR ...